

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 22 Mar 2018
Page: 6

AVE: 19346.61
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



Sport

# Tuks-atlete verpersoonlik vinniger, hoër en sterker



Carina Horn Foto's: REG CALDECOTT

Wilhelm de Swardt

Tuks se atlete het die afgelope naweek op die Suid-Afrikaanse byeenkoms oudergewoonte weer die woorde van die Olimpiese slagspreuk ten volle uitgeleef.

Toe die laaste skoot van die afsitterspistool Saterdagaand klap, het die Tukkies nege goue medaljes, agt silwer en twee brons verower.

Hulle weet gewis wat dit verg om vinniger, hoër en sterker (Citius, Altius, Fortius) te wees.

Die twee groot hoogtepunte was ongetwyfeld Carina Horn se 11.03 sek. in die 100 m vir vroue en Clarence Munyai se 19.69 sek. in die 200 m.

Albei was wêreldklasvertonings.

Dit was juis die 20-jarige Munyai se "blitzkrieg" in die 200 m wat atletiekliefhebbers laat juig het.

Sy wentyd plaas hom tussen die beste tien atlete van alle tye.

So iets verg toewyding.

Drie jaar gelede het Hennie Kriel, Munyai se afrigter, besluit genoeg is genoeg. Daar is geen rede waarom Suid-Afrikaanse naellopers nie die Amerikaners en die Jamaikane, die twee voorste lande wat naellope betref, kan klop nie.

Kriel het begin om sy atlete aan te moedig om geen beperkinge op hul drome te plaas nie – dat niks onmoontlik is as 'n atleet wil presteer nie.

Munyai het verlede jaar die junior wêreldrekord in die 300 m verbeter. As hy kan kophou, sal hy aanstaande maand 'n medalje op die Statebondspele kan wen.

Die nuutgevonde selfvertroue het daartoe gelei dat Sokwakhana Zazini verlede jaar die wêreld-jeugrekord (o.18) in die 400 m-hekkies verbeter het, asook die wêreld-jeugtitel verower het.

Die 18-jarige Zazini is waarskynlik tans een van die opwindendste atlete in Suid-Afrikaanse atletiek.



Clarence Munyai

Die naweek op die nasionale byeenkoms was hy tweede in die 400 m-hekkies se eindronde.

Hy het twee voormalige Statebondspele-kampioene geklop. Drie van sy teenstanders het Suid-Afrika al by die Olimpiese Spele verteenwoordig.

Gift Leotlela het 'n silwermedalje in die 200 m op die wêreld- junior byeenkoms (o.20) verower.

Thando Roto het maar die vyfde plaaslike naelloper geword om die 100 m in 'n tyd vinniger as tien sekondes af te nael en Rikenette Steenkamp die tweede plaaslike atleet om 'n tyd vinniger as 13 sekondes in die 100 m-hekkies op te stel.

Horn is die verpersoonliking van durf.

Sy is miskien nie die talentvolste atleet nie, maar wat toewyding en geesdrif betref, is daar min atlete wat haar kan troef.

Op 'n goeie dag kan sy maklik tot agt ure oefen.

Mense besef nie hoeveel teleurstelling en frustrasie sy die afgelope drie jaar moes deurgaan om haar tyd van 11.06 sek. tot 11.03 sek. te verbeter nie.

Dit sal geen verrassing wees as sy voor die einde van die jaar die eerste plaaslike naelloper is wat 'n tyd vinniger as 11 sekondes opstel nie.

Zeney van der Walt (die Afrikaanse Hoër Meisieskool) is nie 'n Tukkie nie, maar dit sal verkeerd wees om nie na haar vertoning in die 400 m-hekkies vir vroue te verwys nie.

Dié wêreldjeugkampioen het Wenda Nel (Tuks), 'n vyfmalige kampioen, behoorlik laat bloed sweet om die goue medalje te wen.

Die 17-jarige was tweede in 'n tyd van 55.05 sek., wat 'n nuwe Suid-Afrikaanse jeugrekord is.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.